

Nutri produkte: Algemeen

Inhoud:

5807 Nutri Bypro 35 (NPN Free) 104

6331 Nutrimol 105

6205 Grainmix 106

6204 Enermix 107

6203 Lusernpille 108

5807 Nutri Bypro 35 (NPN Free)
(V 30316; NFF 4170)

Klas: Proteïenkonsentraat vir Herkouers

Bypro 35 is `n ureum en NPN vrye HPK (hoë proteïen konsentraat) vir herkouers en wild, vir die tuis–vermenging van `n verskeidenheid hoë kwaliteit veevoerprodukte.

Bypro 35 bestaan uit `n minimum van drie natuurlike proteïenbronne wat `n gunstige aminosuurprofiel tot gevolg het. Proteïenbronne sluit in:

- Sonneblom oliekoek en/of
- Gluten 20 en/of
- Sojaboon oliekoek en/of
- Canola oliekoek

Die beginsel van **Nutri Bypro 35** se natuurlike proteïen (verbyvloei proteïen) is om produksie veral by hoë produserende diere te ondersteun, bv.

- Koeie/ooie wat moet kalf/lam en melk produseer;
- Kalwers/lammers wat moet groei wat nie–NPN (ureum) kan benut weens die afwesigheid van urease nie;
- Jong voerkraaldiere, kalwers en lammers, wat eers moet raambou met natuurlike proteïen voordat hulle in massa kan toeneem.

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïen	350	
Vog		120
Vet	25	75
Vesel		150
Kalsium		10
Fosfor	3	

50 kg verpakking.

Aanbevelings:

Vir verskillende aanwendings en mengverhoudings, kontak u Nutri Feeds tegniese adviseur.

6331 Nutrimol

(V 29622; NFF 3926)

Klas: Energie aanvulling.

- **Nutrimol** is `n smaaklike energieaanvulling vir herkouers, perde en wild;
- Weens die hoë melasse–inhoud daarvan is dit ideaal vir die verdere vermenging met plaasgeproduseerde grondstowwe van hoë proteïenwaarde in `n verskeidenheid van rantsoene vir skape, beeste en suiwelbeeste;
- Dit kan effektief gebruik word om `n deel van die graan in finale rantsoene te vervang;
- Die voedingswaarde daarvan vergelyk goed met die van melassemeel en kan effektief vir die doel as melasseverwanger aangewend word.

In beesvoerkrale kan tot 25% en in skaapvoerkrale tot 15% **Nutrimol** in rantsoene ingesluit word as smaakmiddel en om stowwerigheid te beperk.

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïen	40	
Vog		160
Vet	10	
Vesel		350
Kalsium		12
Fosfor	1	

40 kg verpakking.

Notas

6205 Grainmix
(V 29624; NFF 3924)

Klas: Konsentraat Herkouervoedsel (NPN vry).

- **Grainmix** is `n NPN–vrye energiekonsentraat vir herkouers met `n proteïeninhoud van 80g/kg en vergelyk met graan;
- Geen verdere vermenging is nodig nie;
- Voer as ‘n energie aanvulling teen 1% van liggaamsmassa per dag ná ‘n aanpassings periode van 7 – 14 dae;
- Die produk kan ook in voer vermeng word soos voorgeskryf deur ‘n gekwalifiseerde voedingskundige.

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïen	80	120
Vog		120
Vet	10	75
Vesel		150
Kalsium	1.5	5
Fosfor	1	

50 kg verpakking.

Notas

6204 Enermix

(V 29623; NFF 3923)

Klas: Konsentraat Herkouervoedsel (NPN vry)**.**

- Enermix is `n NPN–vrye energiekonsentraat vir herkouers met `n proteïeninhoud van 100 g/kg;
- Dit het `n gunstige Ca:P verhouding wat die vervanging van graan met die produk gunstig maak deurdat dit die beperkinge van graan korrigeer;
- Voer as sulks as ‘n energie aanvulling teen 1% van liggaamsmassa per dag ná ‘n aanpassingsperiode van 10 – 14 dae;
- Die produk is ideal vir verdere vermenging in konsultasie met ‘n gekwalifiseerde voedingskundige.

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïen	100	120
Vog		120
Vet	25	70
Vesel	60	150
Kalsium		20
Fosfor	3	

50 kg verpakking.

Notas

6203 Lusernpille

(V 28744; NFF 3725)

Klas: Droogtevoer vir Herkouers, Volstruise, Perde en Wild.

- **Lusernpille** is ideaal vir herkouers maar kan ook met gerief aangewend word vir wild, perde en selfs volstruise;
- Dit bied die gebruiker `n wye reeks van aanwendings;
- Geen verdere vermenging is nodig nie en word *ad lib*. gevoer;
- Dit moenie vir lang periodes aan laatdragtige diere of ramme en hammels teen hoë vlakke gevoer word nie;
- Dit is beskikbaar in korrelvorm vir gemak van gebruik met minimale vermorsing.

Samestelling	Min (g/kg)	Maks (g/kg)
Proteïen	100	
Vog		120
Vet	15	70
Vesel	120	250
Kalsium		15
Fosfor	3	

50 kg verpakking.

Sien NPN Waarskuwing op bladsy 100.

Notas